

Hoofstuk van die dag: Sagaria 12

> *Dan sal die leiers van Juda vir hulleself sê: “Die krag van die inwoners van Jerusalem lê in hulle God, die Here die Almagtige.” (vers 5)*

In Sag 12 begin ’n nuwe deel van die boek. Die profeet praat

oor die eindtyd, en lig ons oë op, verby die probleme van ons dag. Want probleme is daar genoeg. Dit lyk asof al minder mense in God glo. Kerke loop leeg. Dit lyk asof die boodskap van die Bybel sy impak op mense verloor. Dit lei daartoe dat mense dink ons is in ’n verloorspan.
Sagaria sê: kyk na die eindtelling. Die wedstryd is nog nie verby nie, en ons weet nou al wat die uitslag gaan wees. Die Een wat die uitslag waarborg, is God, die Skepper van alles en van ons (vers 1). Hy het die verlede gemaak, en Hy het ook die toekoms in sy hand.
Die uiteindelike oorwinning lê nie in ons wat so sterk is nie; dit lê in ons God. Hý is die Almagtige (vers 5). Daarom kan ons ons kop optel (vgl Luk 21:28). Ons is aan die wenkant! Ons kan uitsien na ’n tyd wanneer ’n gees van welwillendheid onder mense sal posvat, en ons in harmonie met God en mekaar sal leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026